

Julie 2007

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,



President Kruger in sy Victoria 1889

Is dit nie 'n wonderlike skildery nie. Die waardige President met die blaffende hond wat hom jaag. Dit is die eiendom van die Pretoria se Kunsmuseum en word vertoon met die opskrif "President Kruger in his Victoria 1889". Dit is olieverf op doek en die skilder is Robert Wolf [1851-1928]. 'n Afdruk van die skildery kan ook gesien word in Bolsma se boek [Bol-01 p79].

Nog skilderye van Wolf(f) is te sien in die ou Raadsaal op Kerkplein. Dit is direk op die mure geskilder in die twee vertrekke net wes van die vertrek wat op die voorste balkon uitloop [Hol-01 p99]. Ek wil nog eendag probeer om toestemming te kry om die skilderye af te neem.

Robert Wolf

Oor die kunstenaar is nie veel bekend nie. Volgens Bolsma [Bol-01 p80; p341] was hy Christiaan, Robert Max Wolf, gebore in Berlyn (1851) en oorlede in Pretoria (1923).

In die 1899 "directory" van Longland's kom die name van drie persone met die van Wolf voor: E. Wolf, J. Wolf- verbonde aan die Staatsgimnasuim en R. Wolf - painter and decorator. Slegs die adres van R. Wolf word aangedui. Dit was in Schubartstraat [Lon-01 p177, p81]. Die Staatsalmanak van 1899 meld dat J.F.M. Wolf verbonde is aan die Staatsgimnasuim [Sta-03 p76]. Hy was 'n dosent in Nederlandse Taal- en Letterkunde. Dit is 'n redelike afleiding om te maak dat R. Wolf van Schubartstraat die skilderye geskilder het.

Die persoon wat die skildery gemaak het staan ongeveer op die kruising van Kochstraat [Bosmanstraat] en Kerkstraat en kyk in die rigting van Kerkplein. In die middel agter is die tweede kerk op Kerkplein. Volgens Lola Dunston was die geboue in die straat in 1899 as volg: Aan die noordekant van die straat [van links na regs op die skildery] S. Gillingham [bakery]; L. Roehlin [working jeweller]; Peacock and Co. [chemists]; Heys and Co.; Clarendon Boarding House; Telegraph Office; Post Office.

Oorkant die straat [van regs na links op die skildery] was die Post Office Bar; Smith & Petrie; Transvaal Dispensary en die City Butchery. Al die geboue is nie op die skildery sigbaar nie.

Bakkerij van S. Gillingham

Gillingham het vir baie jare sy bakkerij op dieselfde plek bedryf. In 1899 vind ons hom nog steeds op dieselfde plek [Lon-01 21]. Wanneer hy oorspronklik begin het kon ek nog nie vasstel nie.

In 1889 adverteer hy in De Volksstem [V-1] "S. Gillingham, Brood-en Banketbakker. Wensch beleefdelijk aan zijne talrijke klante bekend te maken dat zijn wagen dagelijks rondrijdt door de stad, om Brood te brengen. Huwelijks-, Verjaardag- en Geleentheids-Koeken op order gemaakt. Specialiteit: Transvaal Rock en Botter Scotch en lekkers in alle soorte".

Die woonhuis van Gillingham was in Kerkstraat tussen Koch- en Schubartstraat [Lon-01 p31]. Dit wil sê omtrent 'n blok van die woonhuis van President Kruger. Een van die President se lyfwagte, mnr. Wulfse vertel in sy herinneringe dat Gillingham een van die gereelde besoekers was wat soggens om 6:30 'n koppie koffie saam met die president op die stoep gedrink het [Pr-34 p6].

In 1889 het hy twee bakkers in sy diens gehad nl, Alfred Mance en S.C. Sharland. Verder het sy personeel bestaan uit Alec Sharp (confectioner), F. Evans (salesman) en J. Mac Donald (apprentice) [Dun-01 p9]

In 1899 het hy vernam en gesiene inwoner van die Pretoria geword. Hy dien nou op die Dranklisensie-kommissie en is aangestel as een van die vrederegters van die stad [Sta-03 p310; p366].

Na die oproep op 28 September 1899 het twee van die grootste bakkerije in Pretoria, Heather & Co. en Gillingham & Co. begin om voorrade aan die troepe te lewer. Eers is brood voorsien maar dit is gevind dat beskuit 'n beter opsie is. Later is besluit om slegs beskuit te lewer omdat "de 171 zakken brood die hede sijn aangekomen is alles verrot en bedorwen". Theron [The-02] beweer dat 8000 kg beskuit per dag gelewer is. Ek weet nie of dit reg uitgewerk is nie, maar dit klink vreeslik baie om elke dag te bak en uit te droog. Op 6 Oktober is 'n ooreenkoms met Gillingham aangegaan waarvolgens hy 7/6 per 100 lb. beskuit sal ontvang. Later kla hy dat sy wins te klein is op 27 Oktober word dit verhoog na 10/- per 100 lb. [The-02 p47]. Met die desimalisasie in 1960 was 10/- [10 sjelings] gelyk aan R1.

L. Roehlin [Juwelier]

Die klein naambordjie regs van die groot bord van Peacock is die van Roehlin. Hy was 'n juwelier en goud- en silwersmit. Sy advertensie verskyn in Barnes se directory van 1889 [Dun-01 p170]. Geen verder inligting is oor hom bekend nie.

Peacock & Co.

Dit was 'n apteek en het behoort aan Peacock & Co. Sy apteek was eers oorkan die straat maar in 1889 betrek hy die nuwe gebou wat ons op die skildery sien.

Die Hollandse advertensie kon ek nog nie opspoor nie, maar so is dit in Februarie 1888 in Engels [Dun-01 p170]. "J. Peacock and Co. beg to announce the opening of their establishment at the beginning of next month. The drugs, chemicals, etc are imported from the best firms and quality guaranteed. The dispensing department will be under the direct supervision of Mr Peacock (late manager of Dr Rothsman's Transvaal Apotheek). The accurate and faithful preparation of all medicines may therefore be relied on, and despatch, consistent with care insured."

John Peacock is oorlede op 25 Junie 1898 [And-03 p56]. Die apteek wat sy naam dra het egter nog vir baie jare in Pretoria bestaan.

City Butchery (Taylor Brothers)

In 1889 was die personeel Alfred Joseph Tayler en H. Pethers, die slagter [Dun-01 p9]. Wie die ander broers was kon ek nog nie uitvind nie.

Bronne geraadpleeg

- | | |
|--------|--|
| And-03 | Andrews, Tom God's Acre. Church Street Cemetery 1994 |
| Bol-01 | Bolsmann, Eric Pretoria Artist's Impressions 1857-2001 . Protea Boekhuis. 2001 |
| Dun-01 | Lola Dunston Young Pretoria 1889-1913 . Lola Dunston Pretoria 1975 |
| Hol-01 | Holm, Albrecht en Viljoen, Diedre Mure wat praat. Verhaal van die ou Raadsaal . Chris van Rensburg Publikasies, Johannesburg 1993 |
| Lon-01 | Longland Longland's Pretoria Directory 1899 |
| Pr-034 | Ploeger, J. Herinneringe van wyle oud-lyfwag F.J. (Oubaas) Wulfse . Pretoriana Nommer 34 [Desember] 1960 |
| Sta-03 | Kuipers, H. ea Staats-Almanak v d Zuid-Afr. Republiek Staatsdrukkerij, Pretoria 1899 |
| The-02 | Theron, Bridget Pretoria at War Protea Boekhuis. 2000 |
| V-1 | De Volksstem 89-02-11 |

Al ooit gewonder waar die naam Dequar Road vandaan kom? Anton Jansen het uitgevind dit was die Telex adres van die weermag en is afgelei van Defense Head Quarters.

Groete tot volgende maad,
Rosa Swanepoel